

## MOOIFONTEIN: MONATENG KAMPBRIEF: 5 FEB 10 – 7 FEB 10

Nou ja, die magiese “2010” is uiteindelik hier en vir SAWA Mooifonrein het dit ook met ‘n knal afgeskop. Alhoewel dit alreeds ons tweede streekskamp vir die jaar was, het die eerste een met die jaarlikse Druiwefees te Nylstroom saamgeval en was hiérvan die kamp te Monateng eintlik ons eerste kamp in egte Mooifontein tradisie en gees vir die jaar.

Buiten die feit dat die oord nou baie mooi groen en skaduryk is, die weer ons goed behandel het, wat op sigself ‘n baie lekker atmosfeer geskep het, was ons baie bevoorreg om 30 woonwaens en 1 gas te wees. In vergelyking met omtrent alle kampe verlede jaar, was hierdie ‘n rekord opkoms, wat verseker die hoofrede vir ‘n baie suksesvolle en lekker kamp was. Hopelik is alle negatiewe impak van die ekonomie en die huidige tye nou verby en gaan hierdie opkoms maar net die begin vir nog baie groottes om te kom, wees.

Die groot gebeurtenis van die naweek was natuurlik, na ‘n baie geslaagde probeerslag verlede jaar, die tweede Mooifontein “Broodbakkompetisie” in die geskiedenis. Sommer al Vrydagaand na afloop van die boekevat het sekeres mekaar die stryd begin aansê en van meet af was dit baie duidelik dat dit op ‘n titaniëse stryd gaan uitloop. Uiteindelik het dertien inskrywings mekaar die stryd aangesê. Van vroeg Saterdagmiddag af was daar ‘n ongekende beroering in die kamp soos sommiges van woonwa tot woonwa beweeg het om uit te vis oor resepte, tipes onde, potte en panne, bakmetodes, ens. Die geesdrif het voelbaar hoog geloop, soveel so dat lede van die BenWa klub wat langs ons gekamp het aangebied het dat ons later die aand hul dans kon bywoon as hulle tog net van ons brode kon proe.

Toe die tyd vir beoordeling aanbreek, terloops deur ‘n heel onpartydige beoordelingspan wat deur die oord verskaf was, was die atmosfeer op breekpunt. Die beoordelingsproses het natuurlik gepaart gegaan met uiteenlopende gedrag en emosie, wat gewissel het tussen borrelende selfvertroue, waarneembare onsekerheid, enkele handdoek ingooiery, en ons verneem die een en ander omkoop poging ook. Verdermeer het ons nie kan dink dat ‘n reënbutjie ons ook nou net spesifiek op daardie stadium ‘n addisionele kinkel in die kabel sou verskaf nie. Alle opgewondenheid eindig uiteindelik in die volgende uitslag:

Kategorie “Oorspronklikste brood”-	Peet en Esté du Plooy
Derde Posisie -	Rudi en Magda Britz
Tweede Posisie -	Danie en Hellen Dennis
Kampioene vir 2010 -	Corrie en Christine van der Merwe
“Oeps” van die dag -	Stefanie Scholtz (sy sê Frans het die vuur te warm gemaak!)

Alhoewel ons wenners in die verskillende kategorië gehad het, was almal dit eens dat die “overall” wenner weereens Mooifontein gees was.

Op hierdie noot kom nog ‘n fantasties kampnaweek tot ‘n einde en almal groet tot die volgende een.

Hoepfner en Elsa Wiese  
Hennie en Sarie Scheepers